Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 4/6/2021

LIEF EN LEED

Baie geluk aan mnr. E Louwrens wat op 4 Junie in die huwelik tree.

POSITIEWE COVID-GEVAL

In die week van 4 Junie is daar by ons skool een leerder in Graad 9 wat positief getoets het vir Covid-19. Die betrokke leerders wat direkte kontak met die leerder gehad het, is dadelik geïsoleer.

Op sosiale media is daar tans talle oproepe van skoolhoofde rakende leerders se optredes en gedrag buite die skool en hoe dit kan bydrae tot die verspreiding van die virus. Daarom wil ons 'n beroep doen op u as ouer om die skool te ondersteun. Die meeste leerders hou by die Covid-protokolle, maar daar is leerders wat nie hieraan voldoen nie. Dié leerders kuier oor-en-weer en so word die virus versprei. Uiteindelik stel dié leerders ander in gevaar, veral as hulself a-simptomaties is en net 'n draer van die virus is.

Ons besef dat jongmense sosiale wesens is, maar hierdie is 'n internasionale pandemie en moet sodanig hanteer word. Die toetsreeks is om die draai en leerders en personeel se veiligheid en gesondheid is des te meer belangrik.

TOETSREEKS

Die toetsreeks begin op 17 Junie. In elke vak word daar op die spesifieke vak se Google Classroom 'n indeling van leerwerk vir die toetse geplaas. Leerders moet asseblief sinvol vir die toetsreeks voorberei.

ONTHOU:

Na afloop van die toetsreeks, dus 30 JUNIE – 9 JULIE is gewone skool waar die kurrikulum-inhoud voltooi gaan word. Leerders moet dus skool bywoon.

AFWESIGHEDE

Afwesighede, sonder wettige redes, bly 'n groot bekommernis. Ons besef dat dit tans 'n moeilike situasie is aangesien leerders nie skool toe mag kom as hul olik voel nie, maar talle leerders bly eenvoudig tuis, veral op Maandae en Vrydae.

Ons wil u weer op die "Learner Attendance Policy" van die Departement van Onderwys wys: Dit is u as ouer se verantwoordelikheid om te sorg dat u kind skool bywoon. Indien 'n leerder afwesig is, moet die skool daarvan in kennis gestel word. Gebruik gerus die e-pos admin@wonnies.co.za.

Verder kan die skool 'n leerder wat 10 dae of meer afwesig is, sonder wettige rede, van die skoolstelsel verwyder. Graag vra ons dat u ons net op hoogte hou van die rede vir u kind se afwesighede.

VOORKOMSKONTROLE

Voorkomskontrole gaan die week van 7 Junie plaasvind. Maak asseblief seker dat u kind se voorkoms korrek is. Kyk gerus in die leerder se dagboek indien u onseker is. Leerders wie se voorkoms verkeerd is, gaan huis toe gestuur word om die voorkoms te korrigeer.

WOLKSKOOL

Die Wolkskool is 'n gratis platform (data en inhoud) wat aan elke Wonnie gegee word. Hier word lesse in die meeste vakke gratis vir leerders gebied. Dit kan as uitstekende voorbereiding vir die toetsreeks dien.

Dit is egter kommerwekkend om te sien hoe min van die Wonnies tans van die geleentheid gebruik maak. Ten einde die leerders te help, gaan alle leerders op Maandag, 7 Junie gehelp word om op die platform te registreer.

Ten einde u kind te registreer, moet die leerders op Maandag, 7 Junie die volgende rééds gereed hê:

1. **Leerders moet reeds die Wolkskool toepassing (app) afgelaai het. Dit word soos enige ander toepassing op die "Play store" gekry.**
2. **Leerders moet hul ID-nommer of Geboortesertifikaat-nommer by hul hê.**
3. **Leerders moet één ouer se ID-nommer by hul hê.**

Indien u reeds vooraf die kind op die Wolkskool wil registreer, word die stappe weer onderaan in Aanhangsel A by die nuusbrief aangeheg.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

MNR LEZAR
SKOOLHOOF

AANHANGSEL A (INTEKEN OP WOLKSOOL – STAPPE)